

**Saterdag 3 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6**

**Fokusgedeelte: Openbaring 6:1, 2**

**Die Here Jesus is van ewigheid af die Oorwinnaar**

*Uit die teks is dit duidelik dat daar nie een oomblik was wat die Lam nie oorwin het nie, en ook nie besig was om te oorwin nie – totdat Hy uiteindelik finaal oorwin het. Daar was geen (noemenswaardige) teenstand wat Hy iewers raakgeloop het in sy oorwinningsveldtog nie.*

Let wel! Die feit dat die oorwinnaarskrans reeds by voorbaat aan Hom gegee word, openbaar ook die Goddelike beskikking ten opsigte van hierdie oorwinning! God beskik en besluit reeds vooraf op die oorwinning en daarom gebeur dit inderdaad ook so!

Waar is ons in hierdie openbaring? Die Here openbaar dat hierdie wit perd en sy Ruiters deur die eeue 'n leër bymekaarmaak. Die effek van die Here Jesus se verlossing wat Hy vir ons aan die kruis volbring, word hier uitgebeeld in dié groep ruiters wat almal agter die Ruiters en sy perd aanry. Aan hierdie Ruiters is 'n kranse gegee: 'n oorwinningskrans.

Al die ander perde se ruiters maak net dood en saai verwoesting – niemand oorwin saam met hulle nie, want hulle staan vir dood en verdelging. Hulle volgelinge word buitendien doodgemaak!

Die openbaring van God lê dus in hierdie openbaring so sterk as moontlik die klem op die Lam se oorwinning! God se bepaling is die oorwinning – waarvan ons deel is! Daarom wys die Here weer vir ons hierdie wit perd en sy Ruiters voordat Hy sy openbaring afsluit. Hy laat ons onself sien waar ons hierdie wit perd en sy Ruiters volg!

Die Here laat ons ons Koning – die Here van die here – sien, met ons almal as oorwinnaars terwyl ons Hom volg met ons eie oorwinnaarsklere aan!

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (emeritus)*